# HOOFSTUK VII

## Samevatting van die resultate, die opvoedkundige en sosiale implikasies daarvan en kritiek op die ondersoek.

In hierdie samevattende beskouing gee ons 'n oorsig van die resultate in die ondersoek bereik. Daar word aandag gewy aan die rol van volwassenes sowel as jongmense in die opvoeding en sosiale ontwikkeling van die adolessent. Die sosiale aspek in die emosionele lewe van die adolessent geniet ook aandag en ten slotte word nagegaan hoe die adolessent self reageer en optree in die samelewing.

### 1. Die rol van Volwassenes.

Volwassenes staan tot die adolessent in die verhouding van meerderes tot minderes en daarom beïnvloed hulle die adolessent opsetlik en bewus sowel as onbewus in sy sosiale ontwikkeling en opvoeding. In die ondersoek is aandag gewy aan die ouers, onderwysers en vreemde volwassenes en die rol wat elkeen vervul in die lewe van die adolessent.

#### (a) Verhouding van adolessente tot hulle ouers.

Die gegewens dui op gelukkige persoonlike en sosiale verhoudings tussen die meeste adolessente en hulle ouers. Adolessente seuns sowel as meisies meen dat hulle ouers hulle liefhet, hulle reg verstaan en hulle nooit onregverdig behandel nie.

'n Redelike persentasie uit die ppe. leef nie in so 'n suiwere harmonie met hulle ouers nie en wanverhoudings kom soms en selfs dikwels voor. Hierdie adolessente voel asof hulle ouers hulle nie verstaan nie wanneer hulle strewe na erkenning as volwassenes teengegaan word en ouers hulle adolessente kinders ook nie 'n vrye hand laat in die keuse van 'n toekomstige beroep, vriende(-inne) of ander sake wat vir hulle van persoonlike en sosiale belang is nie. Adolessente voel dan nie asof hulle ouers dit teen die beginsel of saak het nie maar voel asof hulle ouers iets teen hulle persoonlik het.

Meer meisies as seuns voel dat hulle ouers hulle nie liefhet nie, veral as die ouers hulle straf, nie aan hulle geringe versoeke wil toegee nie of nie van hulle vriende hou nie. Dit word dan vir hulle 'n persoonlike kwetsing en 'n aksie wat hulle ouers teen hulle het. In die intieme huislike kring waarin meisies 'n groter aandeel as seuns het, is dit moontlik dat verskille met ouers kan voorkom en dat die adolessente as gevolg van 'n mate van selfbejammering voel asof hulle ouers hulle nie liefhet nie.

Op ouderdomme tussen 14 en 15 jaar doen meer geleenthede hulle voor waar ouers en adolessente kan verskil oor hulle verhouding en omgang met lede van die teenoorgestelde geslag sodat adolessente uit hierdie ouderdomsgroepe meermale voel asof hulle ouers hulle onregverdig behandel en hulle nie liefhet nie. Strenge optrede word soms nodig maar indien die adolessent meen dat hy onskuldig gestraf is, voel hy dat hy veronreg is en sal hy dit nie maklik vergeef nie.

Die gegewens wys op 'n minder intieme verhouding tussen die vader en sy adolessente seuns of dogters. Hy is nie hulle vertroueling nie en slegs 'n klein persentasie van die ppe. vertel altyd aan hulle vaders van hulle vreugde en smart. Hulle sal miskien nog aan hom vertel van hulle prestasies op skool en sportgebied, van hulle geestelike probleme asook van verhoudings en botsings met hulle eie geslag maar selde word hy in hulle vertroue geneem oor intieme sake soos die verhouding met die teenoorgestelde geslag. Waarskynlik kom adolessente min met hulle vaders in aanraking weens sy werksomstandighede en kan hulle nie 'n intieme verhouding met hom opbou nie.

Die moeder is die vertroueling van adolessente seuns sowel as meisies. Die grootste persentasie adolessente vertel dikwels of ten minste soms aan hulle moeders

van hulle vreugde en smart. Hierdie gesprekke gaan dan oor prestasies op skool of sportgebied, verhoudings met lede van die eie sowel as die teenoorgestelde geslag en enigiets wat hulle aangaan, veral in sosiale verband. Namate die adolessente ouer word, is daar tekens van 'n verbetering in die goeie verhouding met hulle moeders want hulle vertrou dan nog meer persoonlike sake aan hulle moeders toe.

Die gegewens dui op 'n taktvolle leiding van die kant van die ouers t.o.v. die keuse van vriende(-inne) van die adolessente of as alternatief dat baie ouers hulle kinders volkome vry laat in die keuse van vriende(-inne), sodat min botsings tussen adolessente en ouers hieroor plaasvind. Dit wil voorkom asof ouers hulle kinders binne redelike perke 'n vrye hand daarin toelaat en eers ingryp as volgens hulle mening ongewenste persone by die keuse betrokke is terwyl die raad wat hulle dan aan die adolessente gee taktvol geskied. Die meeste adolessente sê dan ook dat hulle die raad van hulle ouers aanvaar, hoewel hulle tog meen dat hulle in staat is om self keuses te doen en om dit ook wyslik te doen.

(b) <u>Verhouding van adolessente tot hulle onderwysers.</u>

Die gegewens dui aan dat die grootste persentasie adolessente op goeie voet met hulle onderwysers(-esse) verkeer. Die grootste deel van die adolessente wat nie met hulle onderwysers oor die weg kan kom nie bots slegs met 'n enkele onderwyser(-es). Slegs 'n geringe persentasie van die adolessente as ppe. gebruik, bots met twee of meer van hulle onderwysers. As gevolg van verskille in temperament en persoonlikheid is dit moontlik dat adolessente een of ander tyd in hulle skoolloopbaan met een of ander onderwyser sal bots maar indien meer as een onderwyser(-es)

in/...

in die saak betrokke is, bestaan die moontlikheid van een of ander afwyking in die sosiale ontwikkeling van die adolessent, sodat die oorsaak van die botsings waarskynlik daaraan toegeskryf moet word. Hoewel die redes vir die botsings nie ondersoek is nie kan dit moontlik sosiaal van aard wees.

(c) Verhouding van adolessente tot vreemde volwassenes.

So vind ook 'n besonder hoë persentasie van die adolessente dit baie maklik of nie juis moeilik om 'n gesprek met 'n vreemdeling te voer nie. Slegs 'n klein persentasie vind dit baie moeilik om 'n gesprek met 'n vreemdeling te voer. Hulle is waarskynlik daardie groep adolessente wat nie sosiaal van aard is nie. Die meeste adolessente weet egter nie waaroor hulle met vreemdes moet gesels nie. Vrees vir verkleinering deurdat hulle taal dalk nie te goed is nie of deurdat vreemdes dalk nie met hulle wil gesels nie speel ook 'n belangrike rol, veral omdat die adolessent strewe na erkenning as volwassene en verkleinering nie kan verdra nie. Die ouer adolessente vind dit moeiliker om te weet waaroor hulle moet gesels, veral omdat hulle verplig voel om met vreemdes te gesels en hulle dikwels in die situasies kom waar hulle met vreemdes 'n gesprek moet voer en dan goed wil vertoon.

2. Die rol van jongmense in die opvoeding en sosiale ontwikkeling van die adolessent.

In hulle omgang met ander jongmense staan die adolessent nie as opvoedeling teenoor opvoeder nie en daarom is daar ook geen bewuste en opsetlike beïnvloeding nie maar vind die opvoeding en sosiale beïnvloeding onopsetlik en onbewus plaas. In die gewone omgang leer hulle van mekaar en leer mekaar sonder dat die een die ander juis opsetlik wil beïnvloed. Jongmense kan onderskei word in

lede/...

lede van dieselfde geslag en die teenoorgestelde geslag terwyl die opvoedende rol wat die geslote groepe of klieke speel nie oor die hoof gesien kan word nie.

(a) Verhouding van die adolessent tot lede van dieselfde geslag.

Wanneer adolessente van dieselfde geslag bymekaar is, is hulle gesprekke meer vry en informeel as by samekomste van lede van die teenoorgestelde geslag. Die gesprekke van seuns onderling gaan veral oor sport, meisies, skoolwerk en 'n toekomstige beroep. Die belangrikste temas in die gesprekke van meisies sluit in skoolwerk, mooi klere, sport en dan ook seuns. Hierdie onderwerpe dui daarop dat hulle gesprekke merendeels gaan oor die dinge waarmee hulle daagliks te doen het en waarop hulle belangstelling ingestel is, bv. by die ouer leerlinge waar die belangstelling in die teenoorgestelde geslag al sterk op die voorgrond tree, neem die gesprekke oor partytjies, pieknieks of byeenkomste saam met die teenoorgestelde geslag 'n prominente plek in.

Vir seuns is filmsterre en gesprekke oor ander seuns van minder belang terwyl die meisies weer graag gesels oor filmsterre en ander meisies. Dieselfde geld ook vir mooi klere waaroor meisies graag gesels maar seuns nie. Min adolessente gesels met mekaar oor die bekrompenheid van volwassenes t.o.v. die jeug, waarskynlik omdat min bekrompenheid openbaar word deur die volwassenes met wie hulle in aanraking kom.

(b) Verhouding van die adolessent tot die teenoorgestelde geslag.

Om goeie wenslike verhoudings met lede van die teenoorgestelde geslag daar te stel, is een van die sterkste begeertes van die adolessent. Aanvanklik en by die toetrede van die kind tot die adolessente tydperk wanneer die belangstelling in die teenoorgestelde geslag ontluik, is dit nog

vaag/...

vaag, algemeen en op verskeie persone toegespits. Die gegewens dui daarop dat jonger ppe. nog nie so 'n mate van sekerheid het of hulle 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag het nie as wat dit die geval by die ouer ppe. is. Namate adolessente ouer word, neem die losse belangstelling in die teenoorgestelde geslag af en maak plek vir meer bestendigheid waar hulle ook die sekerheid het van 'n enkele intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag. Die ideaal om getrou te wees aan een intieme vriend(-in) word daardeur aangetoon dat die meeste ppe. sê dat hulle net een intieme vriend(-in) aanhou en dit doen omdat hulle aan die persoon getrou wil wees terwyl kokettery vir hulle lelik is.

Die meeste van die ppe. wat meer as een intieme vriend(-in) aanhou, doen dit om 'n beter keuse te kan maak wanneer hulle die jongmense met mekaar vergelyk of omdat hulle hulself nie aan 'n persoon wil bind voordat hulle sekerheid van so 'n persoon se gevoelens het nie, veral by jonger meisies op ouderdomme 14 tot 16 jaar. Enkele ppe. hou meer as een intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag aan omdat ander jongmense dit doen of om meer getrakteer te word.

Intieme omgang tussen adolessente, bv. om mekaar te soen, toon 'n styging by die ouer adolessente, moontlik omdat hierdie persone al sekerheid het van die gevoelens van die ander persoon wat hulle gekies het. Die grootste persentasie, seuns sal wel 'n meisie soen terwyl die meeste meisies meer gereserveerd oor die saak voorkom en dit nie sal toelaat nie omdat hulle meen dat hulle daarvoor nog te jonk is. 'n Kleiner persentasie uit albei geslagte voel te skaam daarvoor terwyl meer meisies as seuns meen dat dit hulle nie betaam nie of dat 'n soen te veel waarde het om ligtelik daaraan deel te hê.

Die/...

Die redes aangevoer deur die ppe. wat wel 'n soen sal toelaat, dui op die besondere waarde wat geheg word aan omgang met die teenoorgestelde geslag, nl. dat hulle dit alleenlik sal toelaat as hulle van die persoon hou. Sommige ppe. meen dat hulle oud genoeg daarvoor is of dit sal toelaat om nie die persoon te affronteer nie, vir die grap, vir die aangename daarvan of omdat andere dit doen.

By gemengde groepe geniet onderwerpe van 'n sosiale aard besondere belangstelling, waarskynlik omdat dit die strewe van adolessente is om goeie en wenslike verhoudings met ander mense en veral lede van die teenoorgestelde geslag te bewerkstellig. Gesprekke gaan verder ook oor sake van gemeenskaplike belang soos skoolwerk, sport, ander seuns en meisies, 'n toekomstige beroep, partytjies, pieknieks of byeenkomste saam met mekaar, die onderwysers van hulle skool sowel as die verhouding van hulle vriende en vriendinne met mekaar. Seuns en meisies gesels nie graag met mekaar oor sake waarin albei geslagte nie belangstel nie soos filmsterre, mooi klere, ens., waarskynlik omdat eensydigheid in die gesprekke kan ontstaan.

Seuns en meisies stry met mekaar oor sake waar daar verskil van mening tussen die geslagte kan bestaan, bv. oor vrouemodes, sporthelde, onderwysers(-esse), smake en voorkeur oor leesstof, ens. Van minder belang in hulle gesprekke is mansmodes en filmsterre terwyl hulle die minste stry oor volkshelde en politieke sienswyses, waarskynlik omdat in 'n groot mate eenstemmigheid in hulle opvattinge bestaan of aan die ander kant verskil van mening bestaan maar 'n onderlinge verstandhouding voorkom dat hulle nie oor hierdie sake sal stry nie, al verskil hulle van mekaar, aangesien dit skade mag doen aan hulle sosiale verhoudings. Hulle stryery gaan ook hoofsaaklik oor sake waarby ander mense betrokke is, m.a.w. die sosiale aspek is hierin ook van die grootste belang.

(c) Die adolessent se verhouding tot geslote groepe of klieke waarvan hy lid is of nie lid is nie.

Die meeste van die adolessente is wel bewus van geslote groepe of klieke wat aan hulle skole bestaan maar is self nie lede daarvan nie. Slegs 22% seuns en 28% meisies sê dat hulle wel lede van dergelike groepe is. Die rol van hierdie groepe in Transvaalse middelbare skole is dus nie van ingrypende aard nie hoewel dit vir die lede daarvan besondere betekenis het. 'n Verdere 15% seuns en 14% meisies sê dat hulle nie lede van sulke groepe is nie maar dit graag sou wou wees. Die grootste persentasie groepe bestaan uit lede van dieselfde geslag en slegs 9% ppe. is lede van gemengde groepe.

Die aktiwiteite van die groepe verskil sodat sommige ppe. meen dat die groepe daar is om mekaar in hulle werk te help terwyl die meeste ppe. in die groepe die geleentheid vind om gesellig en sosiaal met mekaar te verkeer en te leer om met mekaar te gesels terwyl die gemengde groepe geleentheid bied aan lede van die teenoorgestelde geslag om met mekaar om te gaan. In die groepe kry die adolessente ook geleentheid om andere beter te leer ken en te verstaan, die groepe bind jongmense van dieselfde ouderdom saam, gee aan hulle geleentheid om hulle uit te leef, op andere te oefen in sosiale omgang en as hulle flaters maak die versekering dat niemand hulle sal veroordeel nie omdat almal ook maar dieselfde flaters begaan. 'n Sterk persentasie ppe. meen dat dit maar net lekker is om aan 'n ding te behoort waar die grootmense geen sê het nie, wat 'n aanduiding is van die begeerte tot emansipasie uit die gesag van volwassenes uit.

Die samestelling van die groepe is uiteenlopend van aard. By die laer ouderdomsgroepe en veral meer by seuns as by meisies is hierdie groepe geheime organisasies

en staan/...

en staan in verband met die begeerte tot bendevorming wat ons by die aanvang van die adolessensie ook nog aantref. Die meerderheid van die groepe is egter nie geheime organisasies nie en dit is maklik vir nuwe lede om by die groepe aan te sluit. Hulle moet maar net die strewe en belange van die groep hulle eie maak en so optree dat hulle deur die ander lede van die groep aanvaar word en nie afwyk van hulle opvattinge, houding en gedrag nie. Onder sommige groepe van die meisies word nuwe lede gekies deur die ou lede en dan eers mag hulle aansluit. Die gegewens dui egter daarop dat die vorming van die groepe 'n gemoedelike saak is en dat die meeste groepe nie baie streng is by die toelating van nuwe lede nie.

Die gegewens dui daarop dat hierdie groepe nie hulle kenmerkende kleredrag het nie en waar so iets wel bestaan, is dit nie verpligtend nie en hou hulle maar net sover moontlik aan hierdie kleredrag. Waarskynlik staan dit in verband met die gebruik wat in die meeste skole bestaan om 'n skooldrag voor te skryf en die leerlinge sover moontlik daaraan hou. Die groepe het in 'n geringe mate ook hulle kenmerkende spreekwyse terwyl hulle meer deel het aan die algemene skolieretaal of studentetaal wat aan 'n besondere omgewing eie is.

Adolessente wat lede van groepe of klieke is, vind dit die moeite werd om lede daarvan te wees en sal nie graag hulle lidmaatskap van die groep prysgee nie. Veral sal hulle alles in hulle vermoë doen dat die lede van die groep hulle nie verwerp of afkeur as een van hulle nie. Hulle handel en wandel word gevolglik gekenmerk deur 'n strewe na die goedkeuring van die besondere groep, sodat selfs die wat optree as leiers nie afwyk van die standaarde van die groep nie.

Die gegewens dui op die bestaan van groepe of klieke onder die adolessente op skool terwyl die lede daarvan meen dat die groepe nie net hulle bestaan regverdig nie maar in 'n noodsaaklike behoefte voorsien. Die omvang van die groepvorming is egter nog nie van so 'n aard dat die gees aan 'n bepaalde skool daardeur oorheers of domineer kan word nie aangesien minder as een derde van die leerlinge van die verskillende skole lede van hierdie geslote groepe of klieke is.

3. Die sosiale aspek in die emosionele lewe van die adolessent.

Die belangrikste faktor wat die emosies by die adolessent wek sowel as sy reaksies daarop bepaal, is die invloed van mense. Mense kan die adolessent gelukkig sowel as ongelukkig maak en hom in staat stel om liefde te bewys of in woede uit te bars. Ons kan die sosiale aspek van die emosies van die adolessent gevolglik nie te veel beklemtoon nie soos uit die gegewens van ons ondersoek ook afgelei kan word. Hieronder word bespreek sy ontevredenheid met sosiale verhoudings, selfbejammering, senuweeagtigheid voor mense, sosiale prikkels wat sy woede wek en die waarde wat die adolessent aan die opinies van mense heg soos daarin uitkom tot watter mate hy ongelukkig voel as hy hulle afkeuring vir een of ander handeling ondervind.

(a) Die adolessent se ontevredenheid met sosiale verhoudings.

Die gegewens dui daarop dat 'n baie groot persentasie van die adolessente wat as ppe. gedien het nie ontevrede voel oor hulle posisie in die gemeenskappe waarin hulle beweeg en die behandeling wat hulle ontvang nie. Ons kan aanvaar dat merendeels gelukkige sosiale verhoudings bestaan tussen adolessente en daardie persone met wie hulle in sosiale gemeenskappe in aanraking kom.

Die/...

Die gegewens dui egter ook daarop dat adolessente in 'n sekere mate wel ontevrede voel met sosiale toestande of opvattinge terwyl hierdie ontevredenheid by indiwidue wissel in graad vanaf daardie adolessente wat geen ontevredenheid voel nie tot die ander uiterste wat met alles en almal in sosiale verband ontevrede is.

Seuns is veral ontevrede indien hulle soos laerskoolkinders behandel word en nie in die geselskap van besoekers mag bly nie. Hulle meen dat hulle reeds meer as kinders is en voel verneder as hulle soos kinders behandel word. Nou verbonde hieraan is hulle aanspraak op 'n billike kans om hulle uit te lewe en die strewe by die adolessent na selfstandigheid om self te kies of besluite te neem oor sake wat hulle persoonlik raak.

Hoewel dit by seuns ook van belang is, voel meisies meer ontevrede as seuns oor sake i.v.m. hulle omgang met die teenoorgestelde geslag, bv. wanneer grootmense hulle skeef aankyk as hulle met lede van die teenoorgestelde geslag omgaan of as hulle nie die klere van volwassenes mag aantrek of soos volwassenes mag vertoon wat wel op omgang met die teenoorgestelde geslag geregtig is nie.

Die gegewens dui daarop dat adolessente seuns sowel as meisies van die gemeenskappe waarin hulle beweeg en persone met wie hulle in aanraking kom, verwag om 'n billike kans te kry om hulle uit te lewe in sosiale verband. Dit sluit 'n erkenning in dat hulle nie meer kinders is nie en daarom ook nie soos kinders behandel moet word nie terwyl hulle toegelaat word om dié lewe te voer wat hulle verkies. As hulle begeer om soos volwassenes aan te trek, aan sosiale verrigtinge aktief deel te neem, in die geselskap van volwassenes te bly of met lede van die teenoorgestelde geslag om te gaan, mag hulle nie verhinder word deur uitgesproke kritiek of kritiek wat uit die houding van volwassenes afgelei kan word nie. Hierdie strewe na vryheid gepaard met 'n opstand teen

strenge/...

strenge en moontlik onbillike gesag en dissipline is een van die algemene kenmerke van die adolessensie en word deur hierdie gegewens sterk beklemtoon.

(b) Selfbejammering en die gevoel van ongelukkigheid by die adolessent.

Die meeste adolessente meen dat volwassenes met wie hulle in aanraking kom hulle goed verstaan. Vir sommige adolessente voel dit egter asof ander mense hulle nie reg verstaan nie. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die hunkering wat by die adolessent bestaan dat mense hom sal begryp. As gevolg van die wisseling in hulle emosionele lewe meen meer meisies dat mense hulle nie verstaan nie, waarskynlik omdat hulle hulself nie verstaan nie en meen dat andere hulle ook nie verstaan nie. Die rede hiervoor is dat ander mense nie hulle begeertes in aanmerking neem nie en al hulle versoeke met agterdog bejeën.

Die liefde wat die meeste adolessente van mense ontvang, is in hulle eie oë voldoende hoewel meer meisies meen dat hulle nie voldoende liefde ontvang nie, oorgaan tot selfbejammering en sê dat niemand hulle liefhet nie. By die meisies is daar waarskynlik 'n sterker behoefte aan versekering van die liefde van die persone wat hulle liefhet. Hierdie gebrek aan liefde kom voor wanneer hulle twyfel aan die belangstelling van ander mense of wanneer hulle verkleineer word en nie toegelaat word om self oor sake te dink en besluite te neem nie.

Die gegewens dui daarop dat 'n goeie persentasie adolessente mislukkings en teenslae kan dra sonder dat hulle wens dat hulle nooit gebore was nie. Meer meisies as seuns voel soms so ongelukkig dat hulle wens dat hulle nooit gebore was nie, veral wanneer mense nie waardeer wat hulle in sosiale belang doen nie. Meer meisies as seuns is dan ook geneig tot selfbejammering wanneer die gevoel oorheers dat hulle maar 'n mislukking is, net teenspoed in die lewe .

ondervind/...

ondervind en van geen nut vir die samelewing is nie.

(c) Senuweeagtigheid wanneer die adolessent voor mense moet optree en met hulle moet praat.

Bekende persone en bekende situasies gee die adolessent selfvertroue en verhoed dat hy senuweeagtig sal wees wanneer hy voor ander mense moet optree met die gevolg dat hy minder senuweeagtig is in sy optrede voor huisvriende, familie, klasmaats, onderwysers en ouers. Die versekering van liefde, belangstelling en aanmoediging van die kant van hulle ouers en 'n gesonde onderlinge verhouding tussen ouer en kind lei daartoe dat die ppe. sê dat hulle die minste senuweeagtig is wanneer hulle met hulle ouers moet praat. As hulle voor hulle onderwysers moet praat, is hulle ook senuweeagtig, al is hulle bekend, sodat dit skyn asof hy bang is dat hy 'n fout voor die onderwysers sal begaan terwyl hy soos in die klassituasie goed wil vertoon voor die onderwysers(-esse). Die senuweeagtigheid wanneer hy voor lede van die teenoorgestelde geslag moet praat of voor 'n bepaalde persoon van die teenoorgestelde geslag hou verband met die belangstelling in die teenoorgestelde geslag wat aan hierdie ouderdomsgroep eie is. Omdat adolessente nie die nodige selfvertroue vir 'n gesprek met vreemdes besit nie is hulle die meeste senuweeagtig as hulle met vreemdes moet praat.

Die belangrikste redes vir die senuweeagtigheid wanneer hulle met ander mense moet praat, is die vrees dat hulle dalk 'n fout sal begaan terwyl hulle graag goed wil vertoon voor hulle onderwysers, lede van die teenoorgestelde geslag, vreemdes, ja, voor enigeen met wie hulle in sosiale verband staan. Die feit dat die vrees by hoër ouderdomsgroepe toeneem, hou verband met hulle strewe na selfstandigheid en volwassenheid, aangesien hulle as volwassenes nie soveel foute mag begaan nie. By die jonger adolessente bestaan 'n skaamtegevoel as hulle met ander mense moet praat

maar/...

maar dit neem af namate hulle ouer word en meer ervaring opdoen in hulle omgang met mense, sodat die skaamtegevoel vervang word deur selfvertroue en selfversekerdheid.

'n Redelike persentasie ppe. besit soveel selfvertroue dat hulle nooit so senuweeagtig is dat hulle stotter as hulle met mense moet praat nie.

(d) Opwekking van die adolessent se woede deur sosiale prikkels.

Die gegewens dui daarop dat die adolessent se emosies, soos woede, veral gewek word deur prikkels wat van 'n sosiale aard is. Hieronder is vernedering voor mense die belangrikste en veral speel vernedering voor sy maats by die seun 'n belangriker rol as by die meisie. Tussen die ouderdomme 15 tot 17 jaar neem vernedering voor lede van die teenoorgestelde geslag 'n belangrike plek in as oorsaak van sy woede, veral omdat 'n besondere belangstelling in die teenoorgestelde geslag op hierdie ouderdomme kenmerkend is. By die hoër ouderdomsgroepe, wat waarskynlik minder in vernederende situasies kom, neem die belangrikheid van hierdie prikkel as oorsaak van hulle woede geleidelik af.

Die woede van die adolessent kan egter ook deur sy eie swakheid gewek word, nl., as hy op 'n onbeholpe manier iets voor mense sê of doen terwyl hy juis goed wil vertoon. Hierdie oorsaak van woede speel by die meisies 'n belangriker rol as by seuns.

Die sosiale ontwikkeling van die adolessent word aangedui deur die wyse waarop die emosies tot uiting kom. Beheersde gedrag soos om stil te bly maar in sy binneste te brom of om op 'n kans vir terugbetaling te wag, toon aan dat die reaksie by die adolessent uitgestel word om nie soos by die kind onmiddellik in al sy felheid op te tree nie. By die opwekking van woede neem die grootste persentasie meisies hulle toevlug tot trane of hulle kan nie 'n woord uitkry nie,

wat/...

wat waarskynlik die kenmerkende vroulike reaksie is. Dit skyn asof seuns meer deel het aan hardhandige optrede, waarskynlik omdat hulle sterker is en in die versoeking kom om so op te tree en uiting aan die emosie te gee.

By die meeste seuns sowel as meisies bedaar 'n woedebui weer gou, hoewel dit by meisies soms effens langer kan duur. By slegs 'n klein persentasie wat moontlik aan buierigheid onderhewig is, aangesien 'n woedebui 'n uitgerekte emosie is, bedaar die woede nie maklik nie.

(e) Die waarde wat die adolessent heg aan die opinies van persone met wie hy in aanraking kom.

Adolessente verlang veral dat hulle gedrag deur hulle ouers en onderwysers goedgekeur moet word, wat waarskynlik 'n aanduiding is dat daar goeie verhoudings tussen adolessente en hulle ouers sowel as hulle onderwysers bestaan. Dit is verder ook noodsaaklik dat vreemde volwassenes asook vriende en vriendinne, m.a.w. alle mense met wie die adolessente in sosiale verband staan, hulle gedrag moet goedkeur. Om hierdie goedkeuring te verkry is die adolessente gewillig om noodsaaklike opofferings te doen.

4. Optrede van die adolessent in die samelewing.

Die optrede van die adolessent in die samelewing behels aan die een kant die houding wat ander adolessente en volwassenes teenoor hom inneem en die houding wat hy inneem teenoor ander mense met wie hy in aanraking kom. In die ondersoek is nagegaan of die adolessent se maats soveel van hom hou dat hulle hom uitnooi na hulle geselskap en hom gevolglik daarin aanvaar as een van hulle.

Wat die adolessent self betref, is vasgestel of hy gou moeg word in die teenwoordigheid van mense en of dit vir hom maklik is om vriende te maak en aan te pas by vreemde mense en nuwe omgewings. Verder is ondersoek watter aard die optrede van die adolessent aanneem by sosiale byeenkomste

en hoekom/...

en hoekom hy op so 'n manier optree. Die voorkeur van eienskappe wat hy vir homself begeer, toon aan watter trekke hy in ander raaksien en waardeer. Die sosiale aspek van die dagdrome van die adolessent is ook beklemtoon, nl. of dit 'n ontvlugting aan die werklikheid is en of dit hom inspireer tot harder werk terwyl dit gaan oor mense en menslike verhoudings tot mekaar.

(a) Nooi kennisse die adolessent na hulle geselskap?

Aanvaarding deur hulle ouderdomsgroepe word aangetoon deur die feit dat hulle kennisse hulle uitnooi na hulle geselskap of nie. Ouer adolessente en ook meisies word meer uitgenooi deur hulle kennisse, waarskynlik omdat die geleentheid daartoe hom meer voordoen by hierdie groepe.

(b) Word adolessente gou moeg in die teenwoordigheid van mense?

Die gegewens dui daarop dat adolessente lief is vir mense en nie gou moeg word vir hulle geselskap en teenwoordigheid nie. By die hoër ouderdomsgroepe kan adolessente moeg word vir die teenwoordigheid van mense, waarskynlik omdat die algemene belangstelling in mense meer op 'n enkele persoon van die teenoorgestelde geslag toegespits word en hulle graag alleen in die geselskap van hierdie persoon wil wees. Adolessente word egter gou moeg en stel nie belang in dinge i.v.m. mense waaraan hulle geen deel het nie. Dit is daarom dat hulle gou moeg word vir skinderstories of 'n gedurige gesanik van mense oor hulle eie probleme. Dit kom meer voor by meisies, waarskynlik omdat hulle met hierdie sake meer in aanraking kom. Die aanhoudende gedreun van mensestemme maak die adolessente egter nie moeg nie, waarskynlik omdat hulle lief is vir die teenwoordigheid van mense en dus nie daardeur gehinder word nie maar eerder daardeur gekalmeer word.

(c)/...

(c) Is dit vir adolessente maklik om vriende te maak?

Die gegewens dui daarop dat dit vir die meeste adolessente nie moeilik is om vriende te maak nie en sommige dit selfs maklik vind terwyl 'n klein persentasie dit werklik moeilik vind om vriende te maak. Vir 'n sterk persentasie is dit egter 'n moeilike saak om by vreemde mense en nuwe omgewings aan te pas. Dit kom voor asof adolessente in eie omgewing so tuis is dat hulle gou vriende met vreemdes sal maak maar sodra hulle self in vreemde omgewings kom, is die saak heeltemal anders en gaan dit moeilik om aan te pas by die vreemde omstandighede.

(d) Adolessente se optrede by sosiale byeenkomste.

'n Sterk persentasie adolessente voel nooit asof ander persone hulle doelbewus kwaad wil aandoen nie. Hierdeur openbaar hulle die regte gesindheid en sosiale instelling en is in staat tot korrekte aanpassing en goeie verhoudings met ander mense. Hulle verkies daarom om aktief deel te neem aan sosiale byeenkomste. 'n Gebrek aan die nodige selfvertroue laat sommige op die agtergrond bly maar die meeste neem aktief deel aan sosiale verrigtinge terwyl die klein persentasie wat gewoonlik as leiers optree ook in sosiale verkeer die leiding neem.

Vir die meeste adolessente is dit aangenaam om gesellig en sosiaal met ander mense te verkeer en so op te tree dat hierdie persone hulle dade sal goedkeur. Daar is egter 'n klein persentasie van die adolessente wat nie van mense en hulle geselskap hou nie met die gevolg dat hulle liewer op die agtergrond bly sonder om deel te neem aan sosiale bedrywighede.

(e) Eienskappe wat die adolessente vir hulself begeer.

Die ondersoek is gedoen oor agt persoonlike eienskappe waaroor die adolessent sy voorkeur in volgorde van belangrikheid moes aantoon. Die gegewens toon aan dat

die/...

die adolessent 'n groot verskeidenheid eienskappe vir homself begeer maar daar bestaan duidelike onderlinge verskille. Wat vir die een adolessent van belang is, word deur die ander een as van geringe belang beskou, sodat dit laer af op sy voorkeurlys verskyn. Omdat die sake wat by die adolessent belangrike oorweging geniet minstens eerste of tweede op sy voorkeurlys geplaas sal word, is die verwerking van die gegewens gebaseer op hierdie eerste twee plasings.

Die gegewens dui daarop dat mooi maniere die belangrikste persoonlike eienskap is wat deur adolessente begeer word. Tydens alle ouderdomme is dit vir meisies belangriker as vir seuns, hoewel dit by seuns ook 'n bepalende rol speel. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat mooi maniere een van die middels is om wenslike en goeie sosiale verhoudings tussen die adolessente en mense daar te stel. Ook skoolprestasies is belangrik by albei geslagte. Die belangrike rol wat adolessente aan hulle skoolwerk toeken, kan waarskynlik verklaar word in die lig daarvan dat dit 'n saak is waarmee hulle elke dag besig is en dat dit 'n moontlike middel is om die agting en respek van ander mense, nl. hulle skoolmaats, onderwysers(-esse) sowel as hulle ouers te verwerf en dit bepaal ook hulle toekomsplanne.

Vir albei geslagte is dit belangrik om mooi te lyk, veral in daardie stadium waarop 'n belangstelling in die teenoorgestelde geslag ontluik. Op 14-jarige ouderdom is die hoogtepunt in die persentasie ppe. uit die seuns wat begeer om mooi te lyk terwyl by meisies 'n styging voorkom namate hulle ouer word tot op 15-jarige ouderdom. Dit is dan die ouderdom waarop hulle besig is om wenslike verhoudings met die teenoorgestelde geslag op te bou. Hoewel dit nie in hierdie ondersoek vasgestel is nie, begeer seuns waarskynlik 'n mooi forsgeboude liggaam en meisies 'n mooi liggaamsbou sowel as mooi klere.

Meer seuns as meisies begeer sportprestasies, waarskynlik omdat meisies tydens hierdie tydperk minder belangstel in liggaamlike inspanning, ens., behalwe as dit 'n middel kan wees om hulle mooi liggaamsbou te bevorder, met die oog op die waarde daarvan in sosiale verhoudings.

Min adolessente begeer om met gemak in die openbaar op te tree, by die ander geslag gewild te wees of om sosiale leier te wees. Hierdie gegewens dui daarop dat adolessente seuns en meisies nie begeer om in die kalklig te kom of om hulleself op die voorgrond te stel nie. Hulle is tevrede om net wenslike en goeie sosiale verhoudings in intiemer kringe op te bou.

(f) <u>Adolessente en hulle dagdrome.</u>

Die gegewens dui daarop dat die meeste meisies daarvan hou om net stil te sit en te droom terwyl seuns sê dat hulle nie van dagdrome hou nie. Veral by ouer leerlinge kom dagdromery in 'n groter mate voor as by jonger leerlinge en gaan oor hulle toekomsplanne wat 'n toekomstige beroep en sukses daarin behels sodat dit skyn of dagdromery 'n hulpmiddel is by die keuse en beplanning van en voorbereiding vir 'n toekomstige beroep.

Gepaard met 'n belangstelling in die teenoorgestelde geslag gaan die dagdrome van ouer meisies en ook van seuns in 'n mindere mate oor skoonheid, 'n toekomstige lewensmaat en liefdesverhoudings. Eer en roem asook rykdom kom meer voor in die dagdrome van seuns maar vir albei geslagte is dit van minder belang.

Die gegewens dui daarop dat hoewel 'n sterk persentasie adolessente inspirasie tot harder werk in hulle dagdrome vind 'n groot persentasie adolessente deur middel van hulle dagdrome die werklikheid ontvlug en daardeur beslis benadeel word in hulle sosiale ontwikkeling.

## 5. Die opvoedkundige en sosiale implikasies van hierdie ondersoek.

Die gegewens dui daarop dat mense in hulle verskillende gemeenskappe 'n bepalende rol speel in die opvoeding van die adolessent - bewus sowel as onbewus. Hiervan is die ouerhuis die belangrikste gemeenskap omdat dit vir die adolessent in die intieme huislike kring en beskermde omstandighede bewus sowel as onbewus geleenthede verskaf om as indiwidu op te tree. Deur hierdie optrede oefen hy wat om in die samelewing daarbuite te doen in dergelike situasies. Goeie huislike verhoudings tussen die verskillende lede onderling asook tussen hulle en die adolessent, is 'n eerste vereiste vir die adolessent se korrekte opvoeding en sosiale ontwikkeling.

Hierdie intieme huislike kring word uitgebrei tot die skool waar die onderwysers bewus in die leersituasies en onbewus in die algemene omgang 'n bepalende invloed uitoefen. Die invloed van klas- en skoolmaats is hier ook van groot belang en mag nie onderskat word nie. Korrekte en gelukkige verhoudings of aan die anderkant ook wanverhoudings het gevolglik 'n bepalende invloed op die opvoeding en sosiale ontwikkeling van die adolessent.

Uiteindelik speel die samelewing buite die huis en skool ook 'n rol in die proses van opvoeding. Hy leer hier om aan te pas by en in te pas in die besondere samelewing waarin hy hom op 'n bepaalde oomblik bevind. Die verhouding en houding van volwassenes teenoor die adolessent werk dan mee in sy opvoeding en sosiale ontwikkeling.

Die rol van jongmense in die opvoeding en sosiale ontwikkeling van die adolessent is meer van 'n onbewuste en onopsetlike aard. Hulle leer van mekaar en oefen onderling in die sosiale omgang met mense. Die lede van dieselfde sowel as die teenoorgestelde geslag lewer 'n bydrae terwyl

die/...

die geslote groepe of klieke wat aan die verskillende skole bestaan ook 'n rol speel.

Die sosiale verhoudings van die adolessent word in 'n groot mate deur sy emosies bepaal. Dit is mense wat hierdie emosies opwek maar hulle goed- of afkeuring bepaal ook die uiting daarvan. Algemene ontevredenheid kom voor waar die sosiale toestand, opvatting en houding van die mense met wie hy in aanraking kom nie aan die standaard voldoen wat die adolessent opgebou het of as sy eie aanvaar het nie.

'n Simpatieke gehoor gee die adolessent self-vertroue maar 'n kritiese en vreemde gehoor maak hom senuwee-agtig as hy voor hulle moet optree. Voor bekendes wat hom liefhet en wie hy vertrou soos ouers, onderwysers en klasmaats, is hy minder senuweeagtig as hy moet praat as wat die geval by vreemdes is. In die proses van sy opvoeding en sosiale ontwikkeling leer hy gevolglik eers voor hierdie mense optree totdat hy soveel selfvertroue het om voor kritiese vreemdes suksesvol op te tree. Namate die adolessent verder ook 'n groter beheer oor die uiting van sy emosies verkry, vorder hy op die weg van sosiale ontwikkeling tot volwassenheid.

Adolessente hou van omgang met mense, veral as die mense ook in sy wel en wee belangstel. Dit is derhalwe nie vir hom moeilik om aan te pas by vreemdes en vreemde situasies nie. Hy verlang egter sterk daarna om deur lede van sy eie ouderdomsgroep erken en aanvaar te word en sal baie moeite doen om hulle goedkeuring vir sy handel en wandel te verkry.

Min adolessente sal hulleself op die voorgrond stel en daarna streef om as leiers by sosiale byeenkomste op te tree - die meeste het egter 'n behoefte aan deelname aan dergelike byeenkomste waar hulle met ander gesellig en sosiaal omgaan. In sy opvoeding is hierdie byeenkomste

dus/...

dus van die uiterste belang.

Wat hulle persoonlike voorkoms en karaktertrekke betref, begeer die adolessente vir hulleself daardie dinge wat deur ander mense - hulle ouderdomsgroepe sowel as volwassenes - aanvaar en waardeer word. Die uiterlike voorkoms en ook karaktertrekke wat hulle 'n sosiale status besorg is dinge wat nagestreef word.

Dagdrome het voordele in die sosiale ontwikkeling van die adolessent in die sin dat dit hom inspireer tot hoër sosiale diens en opofferinge. Dagdrome kan egter ook 'n middel tot ontvlugting van die werklikheid wees, gevolglik sy daadkrag en durf ontneem en hom verhinder tot doeltreffende sosiale ontwikkeling.

Samevattend kan ons sê dat die resultate in hierdie ondersoek bereik die belangrike rol van mense in die opvoeding en sosiale ontwikkeling van die adolessent aantoon.

6. Kritiek op en waarde van hierdie ondersoek.

Die doel met hierdie ondersoek was om 'n studie te maak van die adolessent in die sosiale gemeenskappe waarin hy homself bevind en hoe sy sosiale ontwikkeling in hierdie gemeenskappe plaasvind. In die tweede plek was dit ons doel om hierdie aspek van die adolessensie te bestudeer in sy skoolverband en opvoedkundige toepassing. Dit was noodsaaklik om vas te stel watter faktore in die sosiale gemeenskappe waarin hy beweeg sowel as by die persone met wie hy in aanraking kom bevorderlik is vir sy sosiale ontwikkeling en watter faktore hierdie ontwikkeling nadelig beïnvloed. Ook sake wat in die adolessent self geleë is soos die emosies van woede, gevoel van ongelukkigheid en ook die dagdrome van die adolessent moes in die ondersoek betrek word. Na ons beskeie mening dek die vrae wat in die vraelys opgeneem is al hierdie aspekte. Kritiek

kan/...

kan egter ingebring word teen die beantwoording van die vraelys, nl. of die adolessente die vrae juis beantwoord het en of hulle in staat was om die vrae wat 'n mate van introspeksie vereis korrek te beantwoord.

(a) <u>Die reaksie van die ppe. op die vrae.</u>

Dit was nie moontlik om te kontroleer of al die ppe. die vrae juis beantwoord het of nie. Vir die juistheid daarvan was die ondersoeker aangewese op die samewerking van die kant van die ppe. wat verkry is deur die klasonderwysers. Dit het egter voorgekom dat sommige ppe. probeer het om gek te skeer soos vasgestel kon word waar hulle al drie suggesties aangemerk het by bv. vrae 5, 9, 12, 15, 17, 19, 21, 23, ens. By die klassifikasie van die vraelyste het die skrywer probeer om hierdie vraelyste uit te soek en te vernietig. Daar was hoogstens .01%. Die verband wat bestaan tussen opeenvolgende ouderdomsgroepe en die gegewens by elkeen van die twee geslagte verkry, wys baie duidelik daarop dat die samewerking van die ppe. in 'n baie groot mate verkry is, sodat hulle die vrae eerlik en volgens hulle oortuigings beantwoord het.

(b) <u>Was die ppe. in staat tot die mate van introspeksie wat by die beantwoording van die vrae vereis word.</u>

BINGLE het tot die volgende slotsom gekom t.o.v. introspeksie: „Dit word omtrent algemeen aanvaar dat die middelbare skoolleerling nie in staat is tot doeltreffende introspeksie nie". 1) Hierdie ondersoek is egter van so 'n aard dat geen introspeksie oor diepgaande belewinge gedoen moes word nie. Die meeste van die vrae was van so 'n aard dat die adolessent alreeds een of ander tyd in sy lewe in so 'n situasie verkeer het dat hy 'n beslissing moes doen as antwoord op 'n dergelike vraag. Die reëlmatigheid

in die/...

---

1) Bingle: Enkele Godsdienstige opvattinge van die middelbare skoolleerling, 361.

in die antwoorde en die verband tussen opeenvolgende ouderdomsgroepe en by albei geslagte dui verder ook daarop dat die ppe. in staat was om die vrae wat in hierdie ondersoek gestel is en waarby 'n mate van introspeksie betrokke is doeltreffend te beantwoord.

(c) Die rol van suggestie.

Die doel van die gesuggereerde antwoorde by elke vraag was om die ppe. te lei in die formulering van die antwoorde wat hulle self op die vraag wil gee. 'n Verskeidenheid antwoorde is gesuggereer sodat aan hulle 'n wye keuse gelaat is om die antwoorde te kies wat hulle die beste bevredig het. Die feit dat in die voortoets feitlik geen bykomstige antwoorde ingeskryf is in die openinge wat daarvoor gelaat is nie toon dat die antwoorde die ppe. bevredig het en hulle nie behoefte gevoel het aan antwoorde buite die gesuggereerdes nie. Tog wil die skrywer toegee dat suggestie 'n moontlike rol gespeel het.

(d) Tekortkominge in die vraelys self.

By die verwerking van die resultate is enkele tekortkomings in die vraelys deur die skrywer aangevoel, bv. dat nie vasgestel is watter persentasie ppe. die enigste kind in die huisgesin was nie of dat die redes waarom die ppe. nie met een of ander onderwyser oor die weg kan kom nie deur een of ander vraag uitgepluis is nie. Ook moet die skrywer erken dat die vraelys te lywig was en dat die faktor van vermoeidheid of verveling moontlik 'n rol kon speel. Indien minder vrae gestel was, sou die gegewens beter hanteerbaar gewees het.

6. Waarde van die ondersoek.

Die skrywer meen dat die resultate wat in hierdie ondersoek bereik is sekere belangrike faktore in die sosiale ontwikkeling van die adolessent beklemtoon en moontlike

wanbegrippe/...

wanbegrippe uit die weg ruim. Vir ouers, onderwysers, jeugleiers en ander persone wat met die jeug te doen het, stel hierdie ondersoek statistiese wetenskaplike gegewens oor verskeie aspekte van die sosiale ontwikkeling van die adolessent beskikbaar sodat dit nuttig gebruik kan word in die opvoeding sowel as om hulp aan te bied waar die jongmense dit nodig het.

- - - - - - - - - - - - -